Verhoudingswelstand van adolessente in ’n Suid-Afrikaanse hoërisiko gemeenskap

Odette Geldenhuys en Izanette van Schalkwyk

Odette Geldenhuys en Izanette van Schalkwyk, Gesondheidswetenskappe: Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Adolessente wat in ’n hoërisiko gemeenskap woon, het daagliks te make met ’n omgewing wat gekenmerk word deur ’n hoë voorkoms van misdaad, armoede, siektetoestande, gebroke families en verskeie sosiale euwels. Die konteks waarbinne alle interpersoonlike aktiwiteite/ handeling plaasvind, kan verhoudingswelstand bevorder of belemmer. Literatuur toon dat die belewing van gesonde verhoudings en karaktersterktes soos deernis en vergifnis in gewone alledaagse interaksies gedemonstreer word.

In hierdie kwalitatiewe studie is ’n beskrywende ontwerp gebruik om die verhoudingswelstand van ’n groep adolessente wat in ’n Suid-Afrikaanse hoërisiko gemeenskap woon, te verken. Twaalf leerders in elk van drie geselekteerde sekondêre skole is genooi om aan die navorsing deel te neem. Die ouderdom van die deelnemers het gewissel tussen 14 en 18 jaar, en hulle het die demografie van die gemeenskap verteenwoordig, naamlik swart en bruin mense. Deelnemers was Afrikaans-, Engels- en Xhosasprekend. Inligting is ingesamel deur persoonlike onderhoude en Wêreldkafeebespreking by drie sekondêre skole. Tematiese data-ontleding is gebruik.

Kwalitatiewe bevindings toon ernstige struikelblokke vir die verhoudingswelstand van adolessente wat in ’n hoërisiko gemeenskap woon. Alhoewel adolessente wel ’n goeie idee het van gesonde verhoudings, is positiewe interaksies hoofsaaklik in terme van die afwesigheid van krenkende gedrag of mishandeling, soos geweld, beskryf.

Betekenisvolle persone is sentraal tot adolessente se verhoudingswelstand, soos naaste en uitgebreidefamilielede, vriende, asook persone met wie romantiese verhoudings aangeknoop is. Adolessente se effektiewe hantering van emosies, veral intense negatiewe emosies, is belangrik vir die gesonde persoonlike verbintenisse, en die rol van konteks, naamlik die positiewe en negatiewe invloede van die hoërisiko gemeenskap, is beklemtoon. Daar word

aanbeveel dat die verhoudingsvaardighede en spesifieke interpersoonlike bevoegdhede van adolessente doelgerig bevorder word.

Trefwoorde: adolessente; hoërisiko gemeenskap; kwalitatiewe beskrywende navorsingsontwerp; positiewe psigologie; Suid-Afrika; verhoudingswelstand

Abstract

Relational well-being of adolescents in a South African high-risk community

Adolescents living in a high-risk community are frequently dealing with an environment characterised by the high incidence of crime, poverty, disease and disorders, broken families and social ills. All interpersonal activities take place within a particular setting and this context can either encourage or hinder relational well-being. Literature shows that the experience of healthy relationships and character strengths such as compassion and forgiveness happens in ordinary daily interactions.

In this qualitative study we used a descriptive design to explore the relational well-being of a group of adolescents living in a high-risk South African community. Twelve learners in each of three selected secondary schools were invited to participate in this research. The age range of the participants was between 14 and 18 years, and they were demographically representative of the community, namely black and coloured persons. Participants were Afrikaans-, English- and Xhosa-speaking. Information was collected by means of personal interviews and World Café discussions at the three secondary schools. Thematic data analysis was used.

Qualitative findings indicate serious obstacles to the relational well-being of adolescents living in this high-risk community. Although adolescents have a good idea of healthy relationships, they described positive interactions mostly in terms of the absence of dysfunctional behaviour or relational abuse, such as violence. Significant persons are central to adolescents' relational well-being, for example, close and extended-family members, friends, as well as romantic relationships. Adolescents' coping with emotions, especially intense negative emotions, is important for healthy interpersonal connecting; and the role of context, particularly the positive and negative influences of the high-risk community, was emphasised. It is recommended that the relational skills and particular interpersonal competencies of adolescents should be deliberately encouraged.

Keywords: adolescents; high-risk community; positive psychology; relational well-being; qualitative descriptive research design; South Africa

1. Inleiding

Gesonde verhoudings is van beslissende belang vir positiewe funksionering (Gergen 2009; Mahali, Lynch, Fadiji, Tolla, Khumalo en Naicker 2018; Seligman 2011; Wissing 2014). Vaardighede en bevoegdhede vir positiewe interaksies en goeie verbintenisse is egter nie 'n vanselfsprekende gevolg van die grootwordjare of volwassewording nie (Beets 2019;

Khumalo, Temane en Wissing 2012). Dit beteken dat die inherente vermoë van alle mense tot interaktiewe handeling en interpersoonlike gehegtheid nie interpersoonlike gesondheid waarborg nie. Leeffase asook konteks en kultuur is belangrike aanduiders van verhoudingswelstand (Ungar 2015). McCubbin, McCubbin, Zhang, Kehl en Strom (2013) wys daarop dat die Westerse en individualistiese perspektief moontlik nie 'n voldoende raamwerk bied om die welstand van kollektivistiese kultuurgroepe te verklaar nie. McCubbin e.a. (2013) beklemtoon die interafhanklike aard van sulke kulture in die verbintenisse van individue, gesinne, gemeenskappe en samelewings.

Verhoudingswelstand omvat alle verhoudings en dimensies, wat individue se sosiale ekologie, byvoorbeeld familie, voorvaders, fisiese omgewing, samelewing en kultuur, insluit (Mahali e.a. 2018). Gesonde menslike ontwikkeling en funksionering word grootliks bepaal deur ons gewone alledaagse interaktiewe verbintenisse met ander persone en hul response op ons handeling (Gergen 2009). Gevolglik is die kwaliteit van ons interpersoonlike vaardighede van kernbelang vir ons belewing van gesonde funksionering (Geldenhuys en Van Schalkwyk 2019). Om dié rede is die bemeestering van hierdie vermoëns in elke ontwikkelingsfase integraal tot algehele gesondheid (vergelyk Erikson 1968).

Adolessensie is 'n gunstige tyd vir die bemeestering of belemmering van verhoudingsvaardighede, omdat vriendskappe en wyer sosialisering buite die gesin toenemend belangriker word tydens hierdie leeffase (Van Schalkwyk en Wissing 2013). Leman (2015:63) verwys na adolessensie as die "perfekte storm" met die drie nodige elemente van (i) tieners met hul meer onafhanklike denke en fisieke, emosionele, intellektuele en spirituele ontwikkeling; (ii) portuurgroepe met soortgelyke ontwikkelingsworsteling asook eksterne sosiale druk met invloede van tegnologie; en (iii) ouers met hul persoonlike uitdagings en moontlike onvermoë tot goeie ouerskapstyle en/of gebruike.

Konteks is egter van beslissende belang vir daaglikse interaksies en vir daardie diep kwaliteitverhoudings (Gericke 2017). Alle interaksies – hetsy tussen vriende of vyande, gesinslede of professionele persone – gebeur in 'n bepaalde konteks. Die invloed van konteks is reeds wyd nagevors (Guse 2014; Khumalo, Temane en Wissing 2012; Morrison, Brown, D'Incau, Farrell en Furlong 2006). Die ontmagtigende invloed van hoërisiko gemeenskappe word aangedui deur byvoorbeeld hoë vlakke van kriminele aktiwiteite, soos diefstal en moord; hoë vlakke van geweld teen vroue en kinders en misdade geassosieer met bendegeweld, asook die hoë voorkoms van alkohol- en substansiemisbruik en meegaande disfunksionele gedrag soos gesinsgeweld (Crime Stats SA 2018; Delft Census 2011). Tog beleef talle individue en gesinne hoë vlakke van verhoudingswelstand danksy positiewe sosiale ondersteuning en veerkragtigheidshulpbronne binne hoërisiko gebiede (Bylieveldt, Van Schalkwyk en De Jager, ter perse). Ebersöhn, Loots, Mampane, Omidire, Malan-Van Rooyen, Sefotho en Nthontho (2018) beklemtoon egter die rol van kontekstuele kwesbaarheid wat kenmerkend is van postkoloniale samelewings (soos Suid-Afrika) en meegaande strukturele ongelykhede in gemarginaliseerde gemeenskappe. Een van die voortslepende kwessies van die blootstelling aan kroniese armoede is die gesukkel om aan hierdie slaggate van gebrek te ontsnap (Burger, Van der Berg, Gustafsson, Adams, Coetzee, Moses, […] en Zoch 2014).

1.1 Kontekstuele agtergrond

Navorsingstudies in die Suid-Afrikaanse konteks toon die negatiewe invloed op adolessente wat in 'n hoërisiko gemeenskap woon se algehele welstand wanneer hulle blootgestel is aan

voortdurende sosiale euwels, ongesonde verhoudings, disfunksionele gesinne en armoede (Cronjé-Malan en Van Schalkwyk 2015; Grimova en Van Schalkwyk 2016; Van Schalkwyk 2019; Geldenhuys en Van Schalkwyk 2019; Walton, Avenant en Van Schalkwyk 2016). Schoeman (2016:5) verwys na die ontmagtigende invloed van hoërisiko gemeenskappe in die Kaapse Vlakte as omgewingsbesmettend ("environmentally contaminate"): "Jy kyk na 'n ou wat environmentally ge-contaminate is van dag 1. Sy environment was hostile toe hy gebore is. Sy ma is op drugs, sy pa is in die tronk. Daar's twee druglords af in sy pad, daar's twee gangs in sy pad, en daar's skietery wat hy moet luister van kleins af. Dis nie dat hy 'n keuse maak om dié goed te doen nie, hy is environmentally ge-contaminate." Jones (2019:11) verwys na die skrikbewind van bendes in die Kaapse Vlakte, met die duidelike boodskap dat hul terreurbewind meer behels as die teenwoordigheid van "ongunstige karakters" en dwelmmisbruik, maar ook aan kinders en jongmense 'n ongesonde alternatief bied vir vinnige finansiële gewin en 'n sin van behoort. Bogenoemde voorbeelde dien as praktiese illustrasies van die belewings en leefwerklikhede van kinders en adolessente op die Kaapse Vlakte.

Naas hierdie ernstige samelewingskwessies verwys Hamman en Kruger (2017; sien ook Schoon 2012) na die destruktiewe invloed van skinderpraatjies op verhoudings, aangesien hierdie persoonlike inligting altyd in 'n bepaalde verhoudingskonteks gekommunikeer word. Hierdie navorsers meld dat skinder algemeen voorkom tussen adolessente meisies in lae-inkomste-gemeenskappe met die doel om op 'n indirekte manier aggressie te ontlok. Hierdie "verhoudingsboelies" gebruik taktieke soos sosiale uitsluiting en die verspreiding van gerugte, met uiters negatiewe gevolge vir die slagoffers. Dit is duidelik dat die kompleksiteit van sosiale euwels veel meer behels as die somtotaal van erge armoede, hoë vlakke van misdaad, tienerswangerskappe, hoë skolastiese uitvalsyfers en gebroke gesinne.

In teenstelling met hierdie prentjie toon Diener (1984) en Diener en Biswas-Diener (2011) dat die gelukkigste mense wêreldwyd sterk en betekenisvolle verhoudings beleef. Verdere empiriese getuienis dui daarop dat mense met hoë tellings in die verhoudingsdomein ook goed vaar rakende ander aanwysers van welstand (Delle Fave, Brdar, Freire, Vella-Brodrick en Wissing 2011; Delle Fave e.a. 2013). Hierdie aanwysers dui op byvoorbeeld die gereelde belewing van positiewe emosies soos dankbaarheid en hoop, volhardende pogings om probleme te bowe te kom en betekenisvolle bestaan.

Compton en Hoffman (2013) toon dat verhoudingswelstand op 'n beduidende manier menslike geluk, lewensbevrediging en algehele welstand beïnvloed. 'n Onlangse Suid-Afrikaanse studie toon dat alhoewel persone ooreenkom rakende die tipe betekenisvolle verhoudings, soos gesinne en romantiese verbintenisse, daar verskille tussen persone met hoë en lae vlakke van welstand is ten opsigte van die redes waarom hierdie verhoudings belangrik is (Gericke 2017).

1.2 Grondrede

Die verkenning van adolessente se verhoudingswelstand in 'n hoërisiko omgewing is belangrik omdat interpersoonlike gesondheid bepalend is vir persoonlike en kollektiewe welstand (Nelson en Prilleltensky 2010). Alhoewel welstandstudies en die bevordering daarvan wêreldwyd toegepas word in Westerse lande, argumenteer wetenskaplikes toenemend vir die kontekstuele verstaan van strukturele toestande vir soortgelyke navorsing in die lande van die globale Suide (Lazarus, Seedat en Naidoo 2017; Petty 2018; Prilleltensky 2012). Sulke studies kan die eiesoortige beperkings asook unieke sterktes van byvoorbeeld spesifieke Suid-Afrikaanse hoërisiko gemeenskappe beskryf (Van Schalkwyk 2019). Om dié rede is dit

belangrik om die verhoudingswelstand van adolessente wat in ’n spesifieke hoërisiko gemeenskap in die Wes-Kaap of Kaapse Vlakte woon en funksioneer te verken, sodat hul verhoudingsdinamiek in hierdie gevaarlike leefkonteks beter verstaan en bevorder kan word – asook met die oog op hul toekomstige funksionering as volwassenes.

Die bestudering van verhoudingswelstand as ’n fundamentele menslike hulpbron en die bevordering daarvan is integraal tot die positiewe benadering van sielkunde (Ryff 2014).

2. Positiewe sielkunde en verhoudingswelstand – konseptuele agtergrond

Verhoudingswelstand is ’n belangrike aanduider van positiewe funksionering en psigososiale gesondheid in verskeie kontekste (Gericke 2017). Gesonde verhoudings, hoë vlakke van veerkragtigheid en die gereelde belewing van positiewe emosies is aanduiders van adolessente se positiewe funksionering en algehele welstand (Fredrickson 2009; Keyes 2007; Seligman 2011; Van Schalkwyk en Wissing 2010). Studies in die Suid-Afrikaanse konteks toon dat die verhoudingsvaardighede van persone met hoë vlakke van welstand verskil van dié van diegene wat laer vlakke van algehele welstand beleef (Gericke 2017). Hierdie navorsingstudie toon dat wedersydse vervulling en ’n oriëntasie tot die goeie kenmerkend is van ’n eudaimoniese benadering, terwyl die vervulling van persoonlike behoeftes en ’n meer selfgesentreerde oriëntering kenmerkend is van ’n hedoniese benadering. Gericke (2017) meld dat verhoudings-welstand as ’n integrale, komplekse verskynsel verskil in dinamiek vir persone wat hoër of laer welstandsvlakke meet. Dit beteken dat indien adolessente hoër vlakke van algehele welstand beleef, hulle dan waarskynlik goeie–kwaliteit- interpersoonlike verhoudings sal geniet.

Keyes (2005) se teoretiese model vir algemene welstand was rigtinggewend vir hierdie navorsingstudie. Die begrip *verhoudingswelstand* sluit aan by Keyes (1998) se *domein van sosiale welstand* en fokus op die kwaliteit van verhoudings wat tot persoonlike of psigologiese welstand bydra (Mahali e.a. 2018). Dit behels ook die toegang tot sosiale ondersteuning en die bou van netwerke om hierdie voedende interaktiewe verbintenisse te versterk (Bess en Doykos 2014). Verhoudingswelstand omvat dus verhoudings met die self, met ander (byvoorbeeld familie en vriende), romantiese bande, en ’n spirituele verhouding met God (Khumalo, aangehaal in Wissing e.a. 2014).

Positiewe sielkunde onderskei tussen die hedoniese (lekker belewenisse gekenmerk deur positiewe emosies en plesier) en eudaimoniese benaderings (sinvolle belewings en positiewe funksionering) van welstand (Keyes, Shmotkin en Ryff 2002; Waterman 2013). In hierdie opsig is dit belangrik om te onderskei tussen jongmense se (soms kortstondige) genieting van romantiese verhoudings en seksuele aktiwiteite (Myers 2018) en hul sinvolle belewings van moederskap (Van Schalkwyk 2019) wat ook intense negatiewe ervarings, byvoorbeeld fisieke misbruik en negatiewe emosies soos teleurstelling, kan insluit (Kruger, Van Straaten, Taylor, Lourens en Dukas 2014). Dit is duidelik dat sowel kortstondige genieting as langtermyn-vervullende belewings hoort tot die kern van menslike bestaan. Die kwaliteit van ons verhoudings as interaktiewe verbintenisse bepaal egter ons persoonlike en kollektiewe welstand (Prilleltensky 2004; 2012).

Adolessente wat in ’n hoërisiko gemeenskap woon, het daagliks te make met ’n omgewing wat hul persoonlike en verhoudingswelstand bedreig. Ons het getoon dat gesonde verhoudings van

beslissende belang is vir positiewe funksionering en dat die ontwikkelingsfase van adolessensie gulde geleenthede bied om hierdie vaardighede te bemeester.

Die navorsingsprobleem kan soos volg saamgevat word: Verhoudingswelstand is die bepalende faktor vir persoonlike en kollektiewe welstand (Prilleltensky 2012). Die kwaliteit van ons interpersoonlike sterktes en alledaagse verbintenisse is belangrik vir verhoudingswelstand. Kontekstuele kwesbaarheid en meegaande strukturele ongelykhede behels egter bedreigings vir verhoudingswelstand. Die leeffase van adolessensie behels daardie moontlikhede vir die bevordering of belemmering van interpersoonlike gesondheid. Gevolglik is dit so dat indien adolessente in ’n hoërisiko gemeenskap woon, die vele bedreigings vir hul verhoudingswelstand dan nie ontken kan word nie. Dit blyk dat die verkenning die verhoudingswelstand van adolessente wat in ’n hoërisiko konteks woonagtig is, van deurslaggewende belang is.

3. Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag is soos volg geformuleer: Wat is die aard van adolessente se verhoudingswelstand in ’n hoërisiko gemeenskap?

4. Doel van die navorsing

Die doel van die kwalitatiewe studie is om ’n groep Suid-Afrikaanse adolessente in die konteks van ’n bepaalde hoërisiko gemeenskap op die Kaapse Vlakte se sieninge en belewings van verhoudingswelstand te verken.

5. Navorsingsmetodologie

In hierdie afdeling word die navorsingsbenadering, etiese kwessies en prosedure met betrekking tot data-insameling en data-ontleding beskryf.

5.1 Kwalitatiewe benadering

Die kwalitatiewe benadering was belangrik om die deelnemers se gedetailleerde beskrywings van hul sosiale werklikheid te bekom (Colorafi en Evans 2016). Hierdie inligting is van beslissende belang as ’n tipe bloudruk om adolessente in hierdie konteks se verhoudingswelstand te verstaan ten einde dit sinvol te versterk en te bevorder. Gevolglik is ’n kwalitatiewe beskrywende navorsingsontwerp (Colorafi en Evans 2016) gebruik ten einde die “hoe” van die navorsing te rig om adolessente (“wie?”) se verhoudingswelstand (“wat?”) in ’n hoërisiko gemeenskap (“waar?”) te verken. Hierdie navorsingsontwerp is uiters gepas vir gesondheidswetenskappe, omdat mense se beskrywende response inligting bied van hul belewings in ’n spesifieke plek, toegelig met voorbeelde (Colorafi en Evans 2016).

5.2 Navorsingsprosedure

5.2.1 Etiese kwessies

Toestemming is van die etiekkomitee van Noordwes-Universiteit verkry (NWU-00060-12-A1). Die nodige toestemming is ook verkry van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys, die skoolhoofde van drie gekose skole in die hoërisiko gemeenskap, en deelnemers se ouers/ wettige voogde (geskrewe ingeligte toestemming), asook die instemming van deelnemers. Vertroulikheid en anonimiteit is verseker deur toegewyste kodes eerder as die name van respondente en skole te gebruik. Die transkribeerder het ’n ooreenkoms van vertroulikheid onderteken en alle opnames is vernietig nadat die opgeneemde data getranskribeer is.

Die risiko vir hierdie navorsing was hoog, omdat die meeste deelnemers jonger as 18 jaar oud was en woonagtig was in ’n hoë-risiko gemeenskap. Om hierdie rede is addisionele stappe gedoen om enige vorm van gedwonge deelname te beperk, byvoorbeeld deur die gebruik van “hekwagters”, naamlik die onderskeie skoolhoofde, asook deur mediators, naamlik persone vir wie die potensiële deelnemers vertrou, te gebruik in die proses om deelnemers te werf. Verder is die deelnemers se vrywillige deelname deurentyd beklemtoon; hulle was ten volle bewus van die navorsingsproses met hul ouers/wettige voogde se ingeligte toestemming. Addisionele beskermingsmaatreëls is getref, soos monitering en tussentydse verslaggewing rakende die welsyn van die deelnemers, deur die toegang tot beraders te verhoog en betrokkenheid van hekwagters (skoolhoofde) as adviseurs. Dit was duidelik dat die nodige maatreëls om die beskerming van die deelnemers te verseker voldoende was: Die deelnemers het deelname aan die navorsing op ’n positiewe manier beleef; hulle was gretig om in ’n veilige ruimte oor hul verhoudings te gesels; en hulle het die uitgangspunt van verhoudingswelstand versus gerigtheid op kliniese toestande waardeer.

5.3 Deelnemers

Die adolessente deelnemers van drie openbare sekondêre skole in die hoërisiko gemeenskap is genader en die navorsing is by die skole gedoen. ’n Gerieflikheidsteekproefneming is gebruik.

Deelnemers tussen 12 en 18 jaar oud is genooi om deel te neem aan die studie om ’n diepgaande begrip van hul verhoudingsbelewings in dié gemeenskap te verkry (Heppner en Heppner 2004). Twaalf leerders van drie gekose sekondêre skole (ses manlike en ses vroulike adolessente) van graad 8 tot graad 12 is genooi om deel te neem. Deelnemers moes aan insluitende kriteria voldoen; deelnemers was byvoorbeeld ingeskrewe leerders aan een van die drie geselekteerde skole (graad 8 tot graad 12) in die hoërisiko gemeenskap; leerders se ouderdom was 12–18 jaar; leerders kon deel wees van enige kulturele groep met ’n goeie begrip van Afrikaans of Engels; vrywillige deelname; en instemming tot die opneem van data-insamelingsgeleenthede.

5.4 Kwalitatiewe data-insameling

Data is ingesamel deur individuele onderhoude en groepsgesprekke deur die gebruik van die Wêreldkafee-metode (kyk 5.4.2 hier onder).

5.4.1 Individuele onderhoude

Elke deelnemer het ’n collage gemaak (visuele materiaal om hul lewensverhale uit te beeld), en hierdie aktiwiteit het ook gedien as ysbreker vir die semigestruktureerde onderhoud. Sekere vooropgestelde vrae het die onderhoude gerig om die deelnemers se waarnemings en belewings van verhoudingswelstand in hul gemeenskap te verken:

- Wat beskou jy as die belangrikste verhoudings in jou lewe as adolessent?
- Watter verhouding in jou lewe beskou jy as die gesondste verhouding?
- Gee asseblief voorbeelde van gesonde verhoudings wat jy beleef by die huis (familie) en in die skool.
- Waar en hoe beleef jy negatiewe verhoudings?
- Hoe hanteer jy negatiewe verhoudings?

5.4.2 Die Wêreldkafee-metode

Schieffer, Isaacs en Gyllenpalm (2004) noem dat hierdie kwalitatiewe metode ’n proses aktiveer wat kollektiewe wysheid ontlok, asook ’n kreatiewe ruimte bied vir saam dink en praat. Hierdie metode wat wêreldwyd gebruik word, is gekies om deur gesprekke in gemeenskapsverband (skole) verhoudingswelstand en ook kultuurverskille te verken (Brown 2005). Dié strategie het ook die navorsers die geleentheid gegee om die deelnemers se nieverbale kommunikasie in groepinteraksies waar te neem.

Die grootte van die groepe, naamlik 12 deelnemers per groep/skool vir die Wêreldkafee-besprekings, was voldoende om hul verhoudingsbelewings in ’n veilige ruimte te deel. Die deelnemers is in klein groepies van drie of vier verdeel en het die geleentheid gehad om hul insigte en belewings in klein groepformaat rondom tafels te bespreek. Hierdie opset was gunstig vir die kruisbestuiwing van idees wat diverse perspektiewe en gedeelde kollektiewe insigte behels. Die Wêreldkafee-bespreking het verder aan deelnemers die waardevolle geleentheid gegee om volgens hul eie opinies te reageer op die menings en belewings van ander deelnemers.

Die inligtinginsamelingsgeleenthede is opgeneem en hierdie opgeneemde inligting is getranskribeer met die oog op ontleding van die inligting.

5.5 Kwalitatiewe ontleding van inligting

Tematiese ontleding is gebruik vir die induktiewe identifisering van spesifieke eienskappe van die teks op ’n sistematiese wyse (Creswell 2014). Ses stappe vir tematiese ontleding is gebruik (Creswell 2013): (i) Die navorser het die getranskribeerde data verskeie kere gelees; (ii) aanvanklike kodes is aangedui as kantaantekeninge van die getranskribeerde materiaal; (iii) moontlike temas en subtemas is gevorm deur die samevoeging van die kodes; (iv) die temas en subtemas is hersien; (v) die vasstelling en beskrywing van die temas en subtemas is gedoen; en (vi) die verslag is geskryf.

Die ontledingsproses het voortdurende kritiese en reflektiewe handeling behels en die primêre doel was die daarstelling van inligting wat vertrouenswaardig is.

5.5.1 Vertrouenswaardigheid

Die aanduiders soos uiteengesit in die bekende werk van Lincoln en Guba (1985) is gevolg om vertrouenswaardigheid te verseker. Shenton (2004) gebruik *progressiewe subjektiwiteit* om die navorser se werkwyse te monitor ten einde die betroubaarheid van die bevindings te bied. Die volgende is voorbeelde van die werkwyse van die navorsers wat op vertrouenswaardigheid gemik is:

- Betroubaarheid ("dependability") is verseker deur die akkurate weergee en verslaggewing van die data-insamelingsproses en algehele prosedure.
- Geloofwaardigheid ("credibility") is getoon deur die gebruik van riglyne vir die semigestruktureerde onderhoude met die nodige buigsaamheid en ontlontingsessies.
- Oordraagbaarheid ("transferability") is gedemonstreer deur die ryke en diep beskrywing van die data en die konteks van die deelnemers.
- Ooreenkomstigheid ("conformability") is verseker deur ander professionele persone, byvoorbeeld 'n ko-kodeerder, te betrek by die data-ontleding en die identifisering van die temas en subtemas.

6. Resultate

Die bevindings van hierdie studie word as hoof- en subtemas aangebied. Die volgende hooftemas is geïdentifiseer: (1) adolessente se idee van gesonde en disfunksionele verhoudings, en die subtemas: bemagtiging van positiewe interaksies, 'n kultuur van deel, en positiewe verhoudings by die huis en in die gemeenskap; (2) die funksionering van verhoudings en betekenisvolle rolspelers, en die subtemas: positiewe verhoudingsfunksionering en die familie, interaksies en vriende, en disfunksionele romantiese verhoudings; (3) verhoudings-funksionering en die rol van emosies, en die subtema: hantering van negatiewe emosies; (4) die rol van konteks: interpersoonlike interaksies in 'n hoërisiko gemeenskap, en die subtemas: verhoudingsfunksionering en positiewe ervarings, en negatiewe invloede op verhoudingsinteraksies in die hoërisiko gemeenskap.

6.1 Tema 1: Adolessente se idee van gesonde verhoudings

Die groep Suid-Afrikaanse adolessente beskryf die positiewe aspekte van verhoudingswelstand as daardie konneksie of verbintenis tussen mense wat gesinne, uitgebreide familie, vriende (asook romantiese interaksies), opvoeders en lede van die gemeenskap insluit. Adolessente beskou kenmerke van gesonde verbintenisse as die belewing van positiewe verhoudings-kwaliteite soos vertroue, vergifnis en die afwesigheid van negatiewe interaksies soos geweld en misbruik. Ter illustrasie van hierdie inligting word die volgende verbatim aanhalings van deelnemers gegee:

> A healthy relationship is free from conflict and mistreatment. A healthy relationship has trust and confidentiality. ('n Gesonde verhouding is vry van konflik en mishandeling. 'n Gesonde verhouding behels vertroue en vertroulikheid.) (Persoonlike onderhoud, skool 1, deelnemer #5, vroulik, Xhosasprekend)

> Jy gat nie kwaad uit by die huis nie. Ons sort alles net daar klaar. (Persoonlike onderhoud, skool 2, deelnemer #10, vroulik, Afrikaanssprekend)

Subtema 1.1: Positiewe interaksies is bemagtigend.

Adolessente deelnemers het vertel hoe positiewe belewings hulle bemagtig.

> Jy moenie mense afbring nie soos jy moet liewerste try om vir hulle te uplift ten alle tye of vir mense compliments gee wat hulle kan goed voel. (Wêreldkafeegroep, skool 2, deelnemer #4, vroulik, Afrikaanssprekend)

Subtema 1.2: 'n Kultuur van deel.

Die meeste deelnemers se woordgebruik het hul belewing van en blootstelling aan 'n "*township culture of sharing*" (Bohman, soos na verwys in Theron, Cameron, Didkowsky, Lau, Liebenberg en Ungar 2011) getoon. Hierdie verbintenis kan verstaan word in die lig van die kulture van kollektiewe praktyke (Lesejane, aangehaal in Theron e.a. 2011). Hierdie praktyke van deel bied adolessente daardie menslike hulpbronne om basiese leefmiddele te bekom (vergelyk objektiewe aspekte van welstand). Deelnemers het genoem dat hierdie kultuur van deel verder strek as bloot familielede, maar ook mense van die buurt insluit, soos bure:

> That's a good relationship, oh leave a key at, oh this is good, leave your key, your house key next door, you trust that person enough to give them access. (Dit is 'n goeie verhouding, ja laat die sleutel by, ja, dit is goed, laat jou sleutel, jou huissleutel by die bure, jy vertrou daardie persoon genoeg om hulle toegang te gee.) (Wêreldkafeegroep, skool 1, deelnemer #3, vroulik, Xhosasprekend)

'n Kernaspek van verhoudingswelstand is daardie verbintenisse by die skool wat dui op die nodige vertroue om met opvoeders te gesels oor sake van algemene belang.

> … gesels met jou onderwyser oor algemene goed – ander sake as skoolwerk, dit is 'n goeie verhouding. (Wêreldkafeegroep 1, skool 2, deelnemer #2, manlik, Afrikaanssprekend)

Die beskrywing van goeie verhoudingskwaliteite in die skoolkonteks behels hulpverlening wanneer adolessente slegte ervarings beleef, byvoorbeeld as die slagoffers van misdaad:

> 'n Gesonde verhouding by die skool is wanneer iemand jou wys wie jou geld gesteel het by die skool se snoepie; wanneer iemand jou geld gevat het, dan sal iemand op die kant net wys na die persoon – dit is 'n goeie verhouding. (Wêreldkafeegroep, skool 2, deelnemer #4, vroulik, Afrikaanssprekend)

Adolessente se beskrywing van gesonde verhoudings in terme van positiewe kwaliteite soos eerlikheid, vertroue en bedagsaamheid word deur Suid-Afrikaanse studies ondersteun (Theron en Theron 2014; Wissing e.a. 2014). Kenmerkend van praktyke van gedeelde kultuur is kwessies te make met daaglikse bestaan, soos die laat van die huissleutel by die bure. Verder is positiewe verhoudings ook beskryf as daardie hulpverlening om slegte lewensgebeure te hanteer, byvoorbeeld diefstal. Alhoewel die voorkoms van misdaad algemeen is in 'n hoërisiko gemeenskap, word positiewe verhoudings per se beskryf as in terme van dade van ondersteuning om hierdie traumatiese gebeure te oorkom (Cronjé-Malan en Van Schalkwyk 2015; Felner 2006).

6.2 Tema 2: Verhoudingsfunksionering en betekenisvolle persone

Verhoudingsfunksionering dui op die funksionering van verhoudings met betekenisvolle persone in adolessente se lewens, soos gesinslede, uitgebreide familie en ook vriende.

Subtema 2.1: Positiewe verhoudingsfunksionering en familie.

Hierdie bande sluit in die verhoudings met ouers, uitgebreide familie en wettige voogde.

> A healthy relationship for me is like the relationship I have with my mother and father. I don't talk to my father, no it's too embarrassing. ('n Gesonde verhouding vir my is die verhouding wat ek het met my ma en pa. Ek praat nie met my pa nie, nee dit is 'n verleentheid.) (Persoonlike onderhoud, skool 1, deelnemer #2, vroulik, Xhosasprekend)

Deelnemers het ook verduidelik dat die funksionering van hul verhouding met hul ouers nie noodwendig goed is nie, omdat biologiese bande nie outomaties dui op gesonde persoonlike verhoudinge nie.

> Yes you get bad relationships, bad relationship is, is, for example of a boy that say ja my father give me food but my father hit me also that's not a good relationship. (Ja jy kry slegte verhouding, slegte verhouding is, is byvoorbeeld van 'n seun wat sê ja my pa gee vir my kos, maar hy slaan ook ... dit is nie 'n goeie verhouding nie.) (Persoonlike onderhoud, skool 1, deelnemer #3, manlik, Xhosasprekend)

Hierdie belewings van gesonde en gebroke funksionering van verhoudings met betekenisvolle persone word ondersteun deur Suid-Afrikaanse studies (UNICEF 2014/2016; Van Schalkwyk en Wissing 2010; Van Schalkwyk en Wissing 2013). Hierteenoor toon Parra-Cardona, Bulock, Imig, Villarruel en Gold (aangehaal in Theron e.a. 2011) dat Meksikaanse jeug in Vancouver se *hegte gesinsbande* sentraal is tot hul daaglikse aktiwiteite. Meksikaanse jeug sal byvoorbeeld meer tyd daagliks deurbring met hul ouers, broers en susters en uitgebreide families as met hul vriende. Hierdie prioritisering van aktiwiteite en tyd met familie word beskryf as *familismo.* Mokwena (aangehaal in Theron e.a. 2011) toon dat talle Suid-Afrikaanse adolessente die meeste tyd per dag hoofsaaklik sonder toesig saam met vriende/portuurgroep deurbring.

Subtema 2.2: Verhoudingsfunksionering met vriende.

Die aard van hierdie verhoudings se funksionering behels beide positiewe en negatiewe belewings. Gesonde verhoudingsfunksionering met vriende blyk uit ope kommunikasie deurdat hulle met vertroue hul goeie belewings en ook moeilike uitdagings kan bespreek, omdat hul vriende met soortgelyke kwessies te make het.

> My relationship with my friends because, because I can, I can tell them everything, everything that I can't tell my parents I tell them. (My verhouding met my vriende, want ek kan, ek kan hulle alles vertel, alles wat ek nie my ouers kan vertel nie.) (Persoonlike onderhoud, skool 1, deelnemer #1, vroulik, Xhosasprekend)

Dit het ook geblyk dat dit belangrik is om nie vriende se veroordeling of geskinder te vrees nie.

> And a healthy relationship is when a friend support you in every step of the way. (En, 'n gesonde verhouding is wanneer 'n vriend/in jou elke tree van die pad ondersteun.) (Persoonlike onderhoud, skool 2, deelnemer #4, vroulik, Engelssprekend)

Gesonde vriendskappe is ook verduidelik as die belewing van 'n diep vriendskap waar bakleiery of seksuele aktiwiteit nie noodwendig gebeur nie.

> A healthy relationship is when you abstain from fight and sex. ('n Gesonde verhouding is wanneer jy jou weerhou van baklei en seks.) (Persoonlike onderhoud, skool 1, deelnemer #4, vroulik, Xhosasprekend)

Terwyl adolessente die voordele van hegte vriendskappe vir die belewing van 'n gesonde sin van behoort beskryf, is negatiewe verhoudings met vriende verduidelik as die verbreking van vertroue en onherstelbare skade aan hierdie bande.

> Where me and, me and one of my friends, we were, we were very close like she used to tell me everything, everything, I used to know everything about her and she used to know everything about me and then one day she just like broke it, she just broke our trust and I felt like it just broke. (Wanneer ek en, ek en een van my vriende, ons was, ons was baie "close", soos sy sou my alles, alles vertel, ek het alles van haar geweet en sy het alles van my geweet en toe op 'n dag het sy dit net gebreek, sy het net ons vertroue gebreek en ek het gevoel dat dit net breek.) (Persoonlike onderhoud, skool 3, deelnemer #2, vroulik, Engelssprekend)

Subtema 2.3: Disfunksionele funksionering – romantiese verhouding.

Deelnemers het vertel dat slegte romantiese verhoudings beskryf kan word as wanneer fisieke geweld tussen 'n seun en meisie gebeur en die meisie 'n vorige vriend moet paai om verdere mishandelende gedrag te keer.

> Where the girl, where the boy hits the girl, where there um they can't talk about what we feel and where very second day then the girl must now walk around … go look for the food for the boy because … yes, this happened here. If you don't get food then she must run around on roads then the boyfriend comes with their stones and his everything to hit her because she can't get food. (Wanneer die meisie, waar die seun die meisie slaan, wanneer hulle nie kan gesels oor hoe hulle voel nie, en wanner elke tweede dag dan moet die meisie rondloop … en kos soek vir die jongman want … ja, dit gebeur hier. As jy nie kos kry nie dan moet sy hardloop want haar "boyfriend" sal haar met klippe gooi omdat sy nie kos kry nie.) (Persoonlike onderhoud, skool 3, deelnemer #3, manlik, Engelssprekend)

Alhoewel die rol van vriende en romantiese verhoudings 'n belangrike deel is van gesonde ontwikkeling tydens adolessensie, blyk dit dat dit binne die konteks van 'n hoërisiko gemeenskap bykomende en ernstige risiko's bydra tot hierdie akkumulering van negatiewe en selfs gevaarlike interaksies.

6.3 Tema 3: Die rol van emosies

Alle adolessente deelnemers het verwys na die belangrike rol van emosies vir verhoudings, en die vermoë om veral negatiewe emosies effektief te hanteer om nie verhoudings te skaad nie.

Subtema 3.1: Die hantering van negatiewe emosies.

Die belewing van negatiewe emosies soos ontsteltenis of frustrasie is deel van die interaktiewe proses vir adolessente. Die hantering van hierdie geleefde emosies is op die volgende manier beskryf:

> Jy ignoreer dit; ek huil net; ek gaan na my vriende, ek praat daaroor. Gewoonlik wanneer ek kwaad is, haat ek die persoon. Nee dan gaan sit ek alleen, ek sit net by die huis, ek wil met niemand praat nie. (Wêreldkafeegroep 1, skool 2)

> I will be cross but I won't do bad, I will just get myself away from people and take a walk. (Ek sal kwaad word, maar ek sal nie slegte dinge doen nie. Ek sal myself net verwyder en 'n ent gaan stap.) (Wêreldkafeegroep 3, skool 1, deelnemer #3, vroulik, Xhosasprekend)

Sommige deelnemers het ook vertel dat hulle kies om na musiek te luister of om te draf of oor hul belewings van intense pyn te skryf.

> We girls we write our problems into diaries, we talk to our teddy bears, we smile to our phones, we just help. (Meisies skryf oor hul probleme in hul dagboeke, ons praat met ons teddies, ons glimlag vir ons fone, ons help net.) (Persoonlike onderhoud, skool 2, deelnemer #3, vroulik, Engelssprekend)

> Ek moet sokker speel. So, ek is baie baie kwaad omrede vir emosies. Ek haal my frustrasies uit op die bal. (Wêreldkafeegroep 3, skool 2, manlik, Afrikaanssprekend)

Adolessente het erken dat praat hulle help met die hantering van intense negatiewe emosies en om die belewing te verwerk (Wêreldkafeegroep 3, skool 2, deelnemer #1, vroulik, Afrikaans-sprekend). Hulle het ook genoem dat hulle bewus is van sommige mans wat geweld gebruik om hul negatiewe emosies te hanteer. Die meeste manlike deelnemers het egter saamgestem dat geweld nie wys is nie, want dit lei tot meer probleme, soos die moontlikheid om uit die skool geskors te word indien die bakleiery op die skoolgronde gebeur het. Bykans alle deelnemers het ook verwys na familielede wat juis weens geweld in die tronk is.

Die derde tema het die rol en regulering/hantering van hoofsaaklik negatiewe emosies belig. Adolessente het die konstruktiewe hantering van negatiewe emosies beklemtoon, want hulle is bewus van en het praktiese ervaring van die nadelige gevolge van destruktiewe hantering vir verhoudings.

6.4 Tema 4: Verhoudings in 'n hoërisiko gemeenskap

Adolessente het hul verhoudings beskryf in terme van hul daaglikse interaksies in hul spesifieke omgewing.

Subtema 4.1: Funksionering (binne verhoudings) en positiewe belewings van ondersteuning in 'n hoërisiko gemeenskap.

Die positiewe interaksies wat persone in die hoërisiko gemeenskap beleef, is praktiese hulpverlening, soos die leen van 'n koppie suiker by bure of die vrymoedigheid om die huissleutel te laat by persone wat vertrou kan word sodat gesinslede toegang kan kry tot die huis. Al die deelnemers maak gebruik van taxivervoer, en respek as kernaspek van positiewe interaksie is op die volgende manier beskryf:

> You get into a taxi and there's no gaji as some taxis have, so they, the taxi driver usually asks the person in front to collect the money from the other passengers, so it's a good relationship because that person trusts that stranger enough to, to say okay you can collect my money. (Jy klim in 'n taxi en wanneer daar nie 'n "gaji" is nie (soos sommige taxi's het), dan vra die taxibestuurder gewoonlik die persoon wat voor sit om die geld te kollekteer van die ander passasiers, so dit is 'n goeie verhouding want die persoon vertrou die vreemdeling genoeg om te sê okay jy kan my geld kollekteer.) (Wêreldkafeegroep 3, skool 1, deelnemer #2, vroulik, Xhosasprekend)

Subtema 4.2: Negatiewe invloede vir funksionering in die hoërisiko gemeenskap.

Al die deelnemers het verwys na die destruktiewe invloed van negatiewe rolmodelle in dié gemeenskap, byvoorbeeld die bendes, ouers en/of familielede wat middels misbruik om moeilike omstandighede soos werkloosheid te hanteer.

> Gangsters, alkohol en "drugs" is deel van negatiewe verhoudings en is ook gewoonlik deel van misbruikende verhoudings, en verhoudings, soos negatiewe verhoudings oral in die Delft. (Persoonlike onderhoud, skool 3, deelnemer #4, vroulik, Afrikaanssprekend)

> En hulle (ander groepie jongens) hou my twee vrinne vas wat saam geloop het, hulle hou vir hulle twee vas en hulle slat my, en daarvandaan af het hulle heeltyd jokes gemaak en vir my was dit nie lekker nie. (Persoonlike onderhoud, skool 2, deelnemer #10, manlik, Afrikaanssprekend)

Al die deelnemers het persoonlike ervarings gehad van bendelede en hul gedrag, soos die gebruik van geweld om ander te intimideer met dreigemente wat vrees wek.

Dit was duidelik dat deelnemers se begrip en belewings van verhoudingswelstand in hierdie hoërisiko konteks gekleur is met die voortdurende blootstelling aan omgewingsgevare asook daardie goeie belewings vir oorlewing. Die negatiewe invloed van die erge gevare van hul hoërisiko gemeenskap waarbinne hierdie adolessente se alledaagse interaksies gebeur, is egter van deurslaggewende belang vir hul interpersoonlike funksionering (Walton, Avenant en Van Schalkwyk 2016).

Die vierde tema beklemtoon die fisiese asook sosiale ekologieë van welstand, soos jongmense se fisiese en kulturele omgewing (Ungar 2011).

Vervolgens bespreek ons die vier hooftemas, naamlik die resultate, in groter besonderhede.

7. Bespreking

Die bevindings toon die aard van adolessente se verhoudingswelstand in ’n spesifieke hoërisiko gemeenskap op die Kaapse Vlakte. Verhoudingswelstand is integraal tot individue se algehele welstand en funksionering. Adolessente in dié hoërisiko konteks se belewings van alledaagse interpersoonlike handeling kan beskryf word op ’n kontinuum van die gesonde tot die uiters negatiewe of selfs destruktiewe/disfunksionele. Dit is merkwaardig dat hierdie groep adolessente verhoudingswelstand sien as die belewing van beide positiewe en negatiewe interaksies. Dit beteken dat hulle realiteit van ongerymdhede nie ontken word nie, byvoorbeeld ’n pa wat wel sorg vir kos, maar sy kind gewelddadig straf; of ’n gesonde romantiese verhouding geskets as die afwesigheid van die negatiewe, soos die weerhouding van bakleiery. Van Schalkwyk (2019) het bevind dat die oorbekende van negatiewe belewings in hierdie hoërisiko gemeenskap oorheers, en positiewe verhoudings grootliks beskryf word in terme van die afwesigheid van risikogedrag of verhoudingsgebreke (Grimova en Van Schalkwyk 2016).

In hierdie opsig bied die model van Keyes (2005) ’n goeie raamwerk om die omvattende implikasies van gesonde of gebrekkige funksionering te verstaan. Met ander woorde, die effek van interpersoonlike funksionering in terme van psigologiese, emosionele en sosiale domeine van welstand is wederkerig (Geldenhuys en Van Schalkwyk 2019). Ook in die adolessente leeffase is die daaglikse konneksies van die allergrootste belang (Gergen 2009) – hetsy goed of sleg. Aan die ander kant is verhoudingskwaliteite beskryf as die teenwoordigheid van gesonde interpersoonlike gedrag, soos vertroue en vergifnis. Hierdie bevinding word ondersteun deur studies wat die kwaliteit of aard van alledaagse interaksies vir verhoudings-welstand belig (Benade 2013; Masten 2001; Ryff 2014). Dit beteken dat die kwaliteit van alledaagse interaksies van deurslaggewende belang is vir verhoudingswelstand.

Die bevindings belig ook verhoudingswelstand en daardie kwessies wat uniek is tot die ontwikkelingsfase van adolessensie (Erikson 1967, 1968). Die hantering van veral intense negatiewe emosies is beklemtoon. Goeie verhoudings bied ruimtes vir die konstruktiewe hantering van negatiewe emosies, soos woede en teleurstelling. Van Schalkwyk en Wissing (2010) ondersteun hierdie bevinding dat die eerlike en goeie hantering van negatiewe emosies soos woede nodig is om slegte gevolge te vermy, byvoorbeeld wanneer ’n skoolmaat betrokke is in ’n geveg op die skoolgronde. Fredrickson (2009, 2013) se navorsing toon dat die effektiewe hantering van negatiewe emosies belangrike buffers of beskermingsnetwerke kan bied, en die belewing van positiewe emosies bied lewensbelangrike bronne vir gesonde handeling in ’n verhoudingskonteks.

Verder is ’n implisiete aspek van al die narratiewe dat verhoudingswelstand en positiewe verbintenisse ten nouste saamhang met die voorsiening van basiese/daaglikse behoeftes. Die aard van adolessente se verhoudings en hul daaglikse interaksies met ander persone in hierdie hoërisiko gemeenskap is ten nouste verbind met oorlewingskwessies. Prilleltensky (2012) se onderskeiding van die objektiewe en subjektiewe faktore van algehele welstand is van deurslaggewende belang vir hierdie bevinding. Dit beteken dat die idealistiese idee van “kinders het nie geld of materiële dinge nodig nie, maar hulle verlang wel na die liefde en verhouding met albei hul ouers” (Habelgaarn 2019:45) onrealisties blyk te wees in hierdie hoërisiko konteks. Met ander woorde, persone wat adolessente ondersteun in hul basiese behoeftes word hoog geag, en as “Moeder” of “Vader” aangespreek omdat hulle sorg vir die voorsiening van byvoorbeeld kos of geld vir klere en skoolskoene. In hierdie opsig is alledaagse interaksies, stories en vertroue integraal tot verhoudingswelstand as ’n sleutel tot

oorlewing. ’n Ander aspek van ’n kultuur van “deel” ondersteun Suid-Afrikaanse studies wat toon dat vele Suid-Afrikaanse jongmense wel die intrinsieke waarde van families onderskryf, soos ’n sin van behoort (Wissing e.a. 2014). Wanneer die gesin en die uitgebreide familie egter nie slaag in die voorsiening van daaglikse behoeftes en veiligheid nie, ly hierdie verhoudings skade (Cronjé-Malan en Van Schalkwyk 2015). In hierdie opsig is verhoudingswelstand ’n waardige weg tot persoonlike en kollektiewe welstand (Nelson en Prilleltensky 2010).

Laastens: Die huidige studie het veral die fisiese en sosiale konteks van ’n hoërisiko gemeenskap belig wat vele gevare vir veiligheid, daaglikse funksionering en gewone interaksies inhou. Adolessente wat in die gekose hoërisiko gemeenskap woon, is welbekend met eksterne bedreigings vir hul verhoudings, soos gebroke verhoudings, armoede en gebrekkige behuising. Bekende Suid-Afrikaanse navorsers soos Ramphele (2002) toon reeds jare lank die gevare van swart woongebiede (“townships”) aan. Meer onlangs verwys Jones (2019:11) na bendes se gebiedsbeheer deur terreur en verskrikking op die Kaapse Vlakte as “die monopolie van geweld”. Die invloed van langtermynblootstelling aan geweld en dood behels veel meer as minderwaardige verhoudings. World Health Statistics (2018) toon die negatiewe impak op akademiese prestasie en lewensbevrediging en, uiteindelik, armoedige sosiale vaardighede wat bevolkingstrauma aanvuur (McFarlane 2018). Aan die ander kant is daar vele studies wat ook die dikwels positiewe verbintenisse van soortgelyke gemeenskappe met ’n rykdom van verhoudingsnetwerke en praktiese hulpverlening aantoon (Ebersöhn e.a. 2018). Hierdie interaksies gebeur in ’n spesifieke konteks met eiesoortige kulturele praktyke. Dit beteken dat verhoudingswelstand integraal is tot algehele welstand in hierdie konteks (Ebersöhn e.a. 2018; Mahali e.a. 2018).

Bevindings toon dat hierdie adolessente se verhoudingswelstand ernstig ingeperk is, en hierdie vele struikelblokke kan moontlik verklaar word deur die blootstelling aan die negatiewe invloede van die hoërisiko gemeenskap wat verband hou met langtermynarmoede en bevolkingstrauma. Dit is duidelik dat die geweld van armoede (vergelyk Gandhi se bekende aanhaling, “poverty is the worst form of violence”) veel meer behels as ekonomiese tekorte, soos gebreke rakende verhoudingskwaliteite en -bevoegdhede (Khumalo, aangehaal in Wissing 2014). ’n Unieke bevinding van hierdie ondersoek is dat wanneer adolessente voortdurende tekorte beleef in terme van leefbronne, hul verhoudingswelstand daaronder ly. Hierdie tekorte behels ernstige gevare vir adolessente se verhoudingswelstand, aangesien die belewing van vertrouens- en gehegtheidsbreuke in die adolessente leeffase langtermyngevolge kan inhou (Blackie 2015). Verder kan hierdie belewing van verhoudingsgebreke lei tot die groter moontlikheid dat adolessente nie hul akademiese loopbane voltooi nie en deel word van hierdie gemeenskap se hoë uitvalsyfer (meer as 52%), Suid-Afrika se buitengewoon hoë werkloosheidkoers vir jongmense (55% in die eerste semester van 2019), asook die voortsetting van gebroke gesinne en meegaande armoedelokvalle (Bylieveldt, Van Schalkwyk en Van Biljon 2019, ter perse; Ryff 2014).

Beperkings van die navorsingstudie behels dat die bevindings nie tot ander Suid-Afrikaanse hoërisiko gemeenskappe veralgemeen kan word nie, aangesien hierdie kwalitatiewe ondersoek gerig was op ’n gekose hoërisiko gemeenskap op die Kaapse Vlakte. ’n Verdere beperking is dat sommige adolessente deelnemers nie oor die nodige taalvermoë beskik het om veral hul negatiewe emosies en belewings rakende hul verhoudings te verwoord nie. Die beperking rakende die vermoë om emosies en belewings raak te beskryf kan moontlik verband hou met taalarmoede en gebrekkige taalstimulering, en/of die spesifieke eise van die leeffase van adolessensie.

Dit word aanbeveel dat ’n ingrypingsprogram ontwikkel word om adolessente in die hoërisiko gemeenskap se verhoudingswelstand doelgerig te bevorder. So ’n program sou meer behels as die blote uitroei of herstel van verhoudingsgebreke of stressors, maar sou ook die verskaffing van die nodige kennis en inoefening om gesonde interpersoonlike vaardighede te bemeester insluit.

10. Ten slotte

Die aard van adolessente se alledaagse interaksies en belewenisse is van deurslaggewende belang vir hulle verhoudingswelstand. Hierdie interaktiewe konneksies kan vertrouens-verhoudings versterk of verskeur. Die rol van kultuurgebruike en konteks moet ingereken word wanneer die welstand van adolessente se verhoudings ondersoek word. Alhoewel die menslike vermoë tot interaktiewe verbintenis en handeling algemeen is, blyk dit dat hierdie inherente kapasiteit of vermoë nie ipso facto hoë vlakke van verhoudingswelstand impliseer nie. Om dié rede is die doelgerigte beskerming en bevordering van adolessente se verhoudingswelstand ’n sleutel tot die belewing van sinvolle bestaan versus blote oorlewing.

Bibliografie

Beets, S. 2019. A school-based wellbeing programme to promote social functioning in middle childhood. Doktorale proefskrif, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Benade, V. 2013. Post-graduate students’ reflections on relational qualities that may enhance relational well-being in South African school communities. Doktorale proefskrif, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Bess, K.D. en B. Doykos, 2014. Tied together: Building relational well-being and reducing social isolation through place-based parent education. *Journal of Community Psychology,* 42(3):268–84. https://doi.org/10.1002/jcop.21609.

Blackie, D. 2015. Child abandonment and adoption in the context of African ancestral beliefs. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

Bond, M.A., I.S. Serrano-Garcia en C.B. Keys (reds.). 2017. *APA handbook of community psychology: Methods for community research and action for diverse groups and issues*. Vol. 2. Washington DC: American Psychological Association.

Brown, J. 2005. *The world café.* San Francisco: Berrett-Koehler Publishers, Inc.

Burger, R., S. van der Berg, M. Gustafsson, M. Adams, C. Coetzee, M. Moses, […], A. Zoch 2014. *Poverty traps and social exclusion among children in South Africa: A report to the South African Human Rights Commission*. Pretoria: SAHRC.

Bylieveldt, L., I. van Schalkwyk en L. de Jager. Ter perse. Resilience in a high-risk community: Experiences of female educators in leadership positions. *The South African Journal of Education.*

Colorafi, K.J. en B. Evans. 2016. Qualitative descriptive methods in health science research. *Health Environments Research and Design Journal*, 9(4):16–25. http://doi.org/10.1177/1937586715614171.

Compton, W.C. en E. Hoffman. 2013. *Positive psychology: The science of happiness and flourishing*. Wadsworth, CA: Cengage Learning.

Creswell, J. 2014. *Research design: Qualitative and quantitative and mixed methods approach*. 4de uitgawe. Los Angeles: Sage Publications.

Creswell, J.W. 2013. *Qualitative inquiry and research design: Choosing among five approaches*. 3de uitgawe. Thousand Oaks: Sage Publications.

Crime Stats SA. 2018. *Crime stats*. http://www.crimestatssa.com/topten.php (25 Mei 2018 geraadpleeg).

Cronjé-Malan, L. en I. van Schalkwyk. 2015. Vroeë adolessente se persepsies van hulle primêre versorgers se betrokkenheid by die skoolgemeenskap in 'n hoërisiko gemeenskap. *Koers*, 80(2):1–10. https://doi.org/10.19108/koers.80.2.2226.

Delft Census. 2011. http://www.capetown.gov.za/Local%20and%20communities/Education-and-research-materials/Data-statistics-and-research/Cape-Town-census on March 2017 (14 Julie 2019 geraadpleeg).

Delle Fave, A., I. Brdar, T. Freire, D. Vella-Brodrick en M.P. Wissing. 2011. The eudaimonic and hedonic components of happiness: Qualitative and quantitative findings. *Social Indicators Research*, 100(2):185–207.

Delle Fave, A., M.P. Wissing, I. Brdar, D. Vella-Brodrick en T. Freire. 2013. Cross-cultural perceptions of meaning and goals in adulthood: Their roots and relation with happiness. In Waterman (red.) 2013:227–48.

Diener, E. 1984. Subjective well-being. *Psychological Bulletin*, 95(3):542–75.

Diener, E. en R. Biswas-Diener. 2011. *Happiness: Unlocking the mysteries of psychological wealth.* Boston, MA: Wiley-Blackwell.

Ebersöhn, L., T. Loots, R. Mampane, F. Omidire, M. Malan-Van Rooyen, M. Sefotho en M. Nthontho. 2018. An indigenous psychology perspective on psychosocial support in Southern Africa as collective, networking, and pragmatic support. *Journal of Community & Applied Social Psychology*, 28(5):1–16. DOI: 10.1002/casp.2371.

Erikson, E.H. 1967. *Identity and the life cycle*. New York: International University.

—. 1968. *Identity: Youth and crisis*. New York: Norton.

Felner, R.D. 2006. Poverty in childhood and adolescence. In Goldstein en Brooks (reds.) 2006.

Fredrickson, B.L. 2009. *Positivity*. New York: Random House.

—. 2013. Updated thinking on positivity ratios. *The American Psychologist*, 68(9):814–22. https://doi.org/10.1037/a0033584.

Geldenhuys, O. en I. van Schalkwyk. 2019. Investigating the relational well-being of a group of adolescents in a South African high-risk community. *International Journal of Psychology and Behavioral Science,* 12(2). DOI: 10.19080/PBSIJ.2019.12.555835

Gergen, K.J. 2009. *Relational being: Beyond self and community*. New York: Oxford University Press.

Gericke, M. 2017. Relational well-being and levels of psycho-social well-being: An exploratory study. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Goldstein, S. en R.B. Brooks (reds.). 2006. *Resilience in children.* New York: Springer.

Grimova, L. en I. van Schalkwyk. 2016. Learners' perceptions and experiences of respect in educator-learner relationships. *Journal of Psychology in Africa*, 26(4):343–50.

Guse, T. 2014. Activities and programmes to enhance wellbeing. In Wissing e.a. (reds.) 2014:3–15.

Habelgaarn, T.-L. 2019. Wat die hart van vol is. *Kuier*, Junie, bl. 45.

Hamman, C. en L.M. Kruger. 2017. Gossip girls: The power of girls' gossip in a low-income South African community. *Critical Arts*, 31(1):1–17. https://doi.org/10.1080/02560046.2017.1300822.

Heppner, P.P. en M.J. Heppner. 2004. *Writing and publishing your thesis, dissertation and research. A guide for students in the helping professions*. Belmont, CA: Thompson Brooks/Cole.

Jones, C. 2019. Die monopolie van geweld. *Die Burger*, 23 Maart, bl. 11.

Keyes, C.L.M. 1998. Social well-being. *Social Psychology Quarterly,* 61(2):121–40. https://doi.org/10.2307/2787065.

—. 2005. Promoting and protecting mental health as flourishing: A complementary strategy for improving national mental health. *The American Psychologist*, 62(2), 95–108. https://doi.org/10.1037/0003-066X.62.2.95.

—. 2007. Promoting and protecting mental health as flourishing: A complementary strategy for improving national mental health. *American Psychologist,* 62(2):95–108.

Keyes, C.L.M., D. Shmotkin en C.D. Ryff. 2002. Optimizing well-being: The empirical encounter of two traditions. *Journal of Personality and Social Psychology*, 82(6):1007–23.

Khumalo, I.P., Q.M. Temane en M.P. Wissing. 2012. Socio-demographic variables, general psychological well-being and the mental health continuum in an African context. *Social Indicators Research*, 105(3):419–42. DOI: 10.1007/s11205-010-9777-2.

Kruger, L.M., K. van Straaten, L. Taylor, M. Lourens en C. Dukas. 2014. The melancholy of murderous mothers: Depression and the medicalization of women's anger. *Feminism and Psychology*, 24(4):461–78. https://doi.org/10.1177/0959353514539653.

Lazarus, S., M. Seedat en A. Naidoo. 2017. Community building: Challenges of constructing community. In Bond e.a. (reds.) 2017:215–34.

Leman, K. 2015. *Have a happy family by Friday*. Grand Rapids, Michigan: Revell Publishers.

Lincoln, Y.S. en E.A. Guba. 1985. *Naturalistic inquiry*. Beverly Hills, CA: Sage Publications.

Mahali, A., I. Lynch, A.W. Fadiji, T. Tolla, S. Khumalo en S. Naicker. 2018. Networks of well-being in the Global South: A critical review of current scholarship. *Journal of Developing Societies*, 34(4):373–400. DOI: 10.1177/0169796X18786137.

Masten, A. S. 2001. Ordinary magic: Resilience processes in development. *American Psychologist*, 56:227–38. doi:10.1037//0003-066X.56.3.227.

McCubbin, L.D., H.I. McCubbin, W. Zhang, L. Kehl, en I Strom. 2013. Relational well-being: An indigenous perspective and measure. *Family Relations*, 62(2):354–65. http://doi.org/10.1111/fare.1200.

McFarlane, A. 2018. The complexity of the relationship between alcohol consumption and trauma related disorders: Unravelling the puzzle. Kongres, South African Addiction Medicine Society (SAAMS-AMECA), Kaapstad, 31 Augustus – 1 September. (Hoofspreker.)

Morrison, G.M., M. Brown, B. D'Incau, S.L. Farrell en M.J. Furlong. 2006. Understanding resilience in educational trajectories: Implications for protective possibilities. *Psychology in the Schools*, 43(1):19–31. https://doi.org/10.1002/pits.20126.

Myers, B. 2018. Addressing trauma, substance use and sexual risk among young South African women. Referaat gelewer tydens kongres van South African Addiction Medicine Society (SAAMS-AMECA), Kaapstad, 31 Augustus – 1 September.

Nelson, G. en I. Prilleltensky. 2010. *Community psychology: In pursuit of liberation and well-being*. 2de uitgawe. New York: Palgrave Macmillan.

Onwuegbuzie, A.J., W.B. Dickinson, N.L. Leech en A.G. Zoran. 2009. Toward more rigor in focus group research: A new framework for collecting and analyzing focus group data. *International Journal of Qualitative Methods*, 8:1–21.

Peterson, C. en M.E.P. Seligman. 2004. *Character strengths and virtues: A handbook and classification.* New York: Oxford University Press.

Petty, A. 2018. Raising the bar of parenting: What parents living in a low-cost housing project perceived to be "good enough" parenting and how they envisaged they could be helped to achieve this. Referaat gelewer by die Strengthening Families-simposium, aangebied deur Noordwes-Universiteit (Centre for Child, Youth and Family Studies), Durbanville, 15 Maart.

Prilleltensky, O. 2004. My child is not my carer: Mothers with physical disabilities and the well-being of children. *Disability & Society*, 19(3):209–23. https://doi.org/10.1080/0968759042000204185.

Prilleltensky, I. 2012. Wellness as fairness. *American Journal of Community Psychology*, 49(1/2):1–21. DOI: 10.1007/s10464-011-9448-8.

Ramphele, M. 2002. *Steering by the stars: Being young in South Africa*. Kaapstad: Tafelberg.

Ryff, C.D. 2014. Psychological well-being revisited: Advances in science and practice of eudaimonia. *Psychotherapy and Psychosomatics*, 83(1):10–28. DOI: 10.1159/000353263.

Schoeman, L.-R. 2016. Manenberg: Vrede of stilstuipe. *Die Burger*, ble. 4–5.

Schoon, A. 2012. Dragging young people down the drain: The mobile phone, gossip mobile website Outoilet and the creation of a mobile ghetto. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 26(5):690–706.

Seligman, M.E.P. 2011. *Flourish: A visionary new understanding of happiness and well-being*. New York: Free Press.

Shenton, A. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, 22:63–75. DOI: 10.3233/EFI-2004-22201.

Theron, L.C., N. Cameron, C. Didkowsky, L. Lau, L. Liebenberg en M. Ungar. 2011. A "day in the lives" of four resilient youths: Cultural roots of resilience. *Youth & Society*, 43(3):799–818. http://doi.org/10.1177/0044118X11402853.

Theron, L.C. en A.M.C. Theron. 2014. Meaning-making and resilience: Case studies of a multifaceted process. *Journal of Psychology in Africa,* 24(1):37-51. DOI: 10.1080/14330237.2014.904099.

Ungar, M. 2011. The social ecology of resilience: Addressing contextual and cultural ambiguity of a nascent construct. *The American Journal of Orthopsychiatry*, 81(1):1–17. http://doi.org/10.1111/j.1939-0025.2010.01067.x.

—. 2015. Working with children and youth with complex needs: 20 skills to build resilience. New York, NY: Routledge.

UNICEF. 2014. 25 Years of the Convention on the Rights of the Child: Is the world a better place for children? http://www.unicef.org/nutrition/files/CRC_at_25_Anniversary_Publication_26Sept2014.pdf (22 Julie 2018 geraadpleeg).

—. 2016. South Africa's children: A review of equity and child rights. https://www.unicef.org/publicpartnerships/files/2016arr_humanitarianaction(1).pdf (13 Junie 2018 geraadpleeg).

Van Schalkwyk, I. 2019. Strengthening female-headed households: Exploring the challenges and strengths of mothers with substance-problems living in a high-risk community. *Journal of Family Studies*. DOI: 10.1080/13229400.2019.1584122.

Van Schalkwyk, I. en M.P. Wissing. 2010. Psychosocial well-being in a group of South African adolescents. *Journal of Psychology in Africa*, 20(1):53–60.

—. 2013. Evaluation of a programme to enhance flourishing in adolescents. In Wissing (red.) 2013:53–60.

Walton, K.L., J. Avenant en I. van Schalkwyk. 2016. Educators' experiences of their relationships with adolescents involved in drug use. *South African Journal of Education*, 36(3):1–10. https://doi.org/10.15700/saje.v36n3a1188.

Waterman, A.S. (red.). 2013. *The best within us: Positive psychology perspectives on eudaimonia.* Washington, DC: American Psychological Association.

Wissing, M.P. 2014. Meaning and relational well-being in cross-cultural perspectives. *Journal of Psychology in Africa,* 24(1):41–4. DOI: 10.1080/14330237.2014.904099.

Wissing, M.P. (red.). 2013. *Well-being research in South Africa*. Dordrecht: Springer.

Wissing, M.P., I.P. Khumalo en S.C. Chigeza. 2014. Meaning as perceived and experienced by an African student group. *Journal of Psychology in Africa*, 24(1):92–101. http://doi.org/10.1080/14330237.2014.904101.

Wissing, M.P., J.C. Potgieter, T. Guse, I. P. Khumalo en L. Nel (reds.). 2014. *Towards flourishing: Contextualising positive psychology*. Pretoria: Van Schaik.

Wissing, M.P. en Q.M. Temane. 2008. The structure of psychological well-being in cultural context : Towards a hierarchical model of psychological health. *The Journal of Psychology in Africa*, 18(1):45–56.

World health statistics 2018: Monitoring health for the SDGs, sustainable development goals. Genève: World Health Organization. Licence: CC BY-NC-SA 3.0 IGO.